

# DIE HUISGENOOT

## Geïllustreerde Weekblad

Onder redaksie van J. M. H. Viljoen

Uitgee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad

DEEL XX, No. 729.]

13 MAART 1936

GEREGISTREER AAN DIE HOOF-  
POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD

[PRYS 4d.]

### Die Silabus van die Eisteddfod

WAAR daar stilstand is, tree agteruitgang baie gou in, en dan volg onverbiddelik die dood. Gelukkig kan dit nie van die Afrikaanse Eisteddfod gesê word nie, want elke jaar toon hy nuwe tekens van groei en lewenskrag, soos die opletende leser ook weer uit die silabus sal opmerk wat elders in hierdie uitgawe verskyn. Die omvang daarvan is op sigself al 'n aanduiding dat daar groei en vooruitgang is, want dit beslaan vanjaar bykans 'n bladsy meer as in vorige jare. Let ons op besonderhede dan merk ons al dadelik nuwe toevoegings en uitbreiding in haas elke afdeling. Die afdeling vir instrumentale musiek is een van die jongste, maar dit het vanaf die begin soveel belangstelling gaande gemaak dat daar vanjaar aansienlik uitgebrei moes word. Daar is veral beter voorsiening gemaak vir jonger kandidate, en as die belangstelling van die vorige jaar nie verflou nie, behoort dit weer een van die glanspunte van die wedstryde te wees.

Die afdeling naaldwerk is ingerig volgens die departementele silabus, dus behoort elke skool waar naaldwerk gedoseer word, te kan meeding. Die invoeging van 'n afdeling vir weefwerk is 'n nuwigheid wat seker belangstelling sal opwek. Ons wil daarop wys dat dit maar 'n geringe bedraggie kos om insendings oor die pos te stuur, en afstand behoort hier dus nie 'n beletsel te wees nie. Mededingers word aangeraai om die bepalings goed deur te lees, sodat hulle nie dalk deur 'n oorsig in hierdie opsig van mededinging uitgekakel mag word nie.

Ten opsigte van kunsnywerheid sal die veranderde indeling van klasse die skoliere 'n beter kans gee. Dit is van groot belang, omdat die kinders wat in dieselfde klasse is nou met mekaar meeding en nie met leerlinge wat al meer gevorderd is nie. Die toevoeging van 'n afdeling vir curio's en groeimodelle wat as projek deur die hele kindertuin uitgevoer word, is hier 'n nuwigheid.

Ons wil veral die aandag vestig op die ope klasse. Hier is 'n uitstekende geleentheid vir die studente aan opleidingskolleges om mee te ding. Waar persoonlike optrede nie noodsaaklik is nie, is elke mededinger, of hy nou in Kaapstad of in die verste uithoek van die Unie woon, in dieselfde geleentheid. Ons wil dus 'n beroep

op lesers van oor die hele land doen om self mee te ding, of indien hulle nie daartoe in staat is nie, mense wat buitengewone talent in die een of ander opsig openbaar, aan te spoor om deel te neem. Die pryse is in sommige gevalle nogal aansienlik; maar belangriker nog as die vergoeding is die selfwerkzaamheid waartoe die Eisteddfod aanspoor en die nuttige maatstaf wat dit die onthuilende kunstenaar bied om sy talente te toets.

moediging behoort te wees. Wat die poësie betref, was die hydraes ongelukkig nog altyd van 'n baie swak gehalte. Jaar na jaar word 'n goue medalje—ter herinnering aan wyle A. G. Visser—uitgelooft, maar geen beoordelaar kon dit nog oor sy hart kry om dit toe te ken vir die tingeltangel-rympies wat ingestuur is nie. Ons hoor so dikwels dat digters se werk nie gewaardeer word en dat die jongeres geen aanmoediging kry nie. Hier is 'n blywende aanklag teen hulle en tewens die geleentheid vir die onbekende en miskende sangers om te toon waartoe hulle in staat is!

sake wat vir Afrikaanssprekendes van die allergrootste belang is, soms nie eens in die nuusdiens vermeld word nie. As spesifieke voorbeelde is genoem die F.A.K.-kongres en die kongres insake die Armbankevraagstuk wat in Kimberley gehou is.

As ons dit nie mis het nie, dan is dit juis een van die vraagstukke wat deur die hoofbestuur van die F.A.K. in sy memorandum onder die aandag van die Minister gebring word. Die algemene gevoel is dat die nuusdiens nie genoegsaam internasionaal geïntenteer is nie en dat vraagstukke wat van spesifieke Suid-Afrikaanse belang is groter aandag behoort te geniet. 'n Praktiese moeilikheid is natuurlik die feit dat die draadloosmaatskappy afhanklik is van die nuusdienste wat aan hom verskaf word, en die kwaad moet dus by die bron gesoek word. Ook die Afrikaanse pers is nie juis alte ingeneem met die eensydige nuusdiens wat aan hom verskaf word nie, en inluisteraars kan in hierdie opsig dus reken op 'n kragtige bondgenoot. Die beste oplossing wat die draadloos betref, sou o.i. wees twee heeltemal afsonderlike nuusdienste waarin dié dinge beklemtoon word wat vir elke groep inluisteraars van belang is. Die Afrikaanse pers is in wese heel verskillend van die Engelse pers in Suid-Afrika, en 'n soortgelyke verskil behoort dus ook gemaak te word ten opsigte van die nuus wat oor die draadloos verskaf word aan twee volksgroepe wie se belange so uiteenlopend is.

### DIE ENKELING

Toe Liefde met sy fakkel binnedring  
om liggend deur die duisternis te straal  
van die benoude, hoogommuurde kring  
waarin jy struikelend in die rondte dwaal,

het jy ontsnap, en deur die smalle poort  
wat altyd—maar jy wis dit nie—oop staan,  
weer na die mensgeslag waaraan jy hoort,  
soos 'n verlore seun ylings gegaan.

... Helaas, die einde van vervoering vind  
jou in jou kluis terug: wat godehand  
geskei het, kon geen mensverlange bind.

Die langsame verflouing van die lig  
stuur skadu's wapperend langs die hoë wand...  
Agter die stilte slaan 'n grendel dig.

E. F. EYBERS

Die afdeling letterkunde is weer net so uitgebreid as voorheen, met 'n nuwe onderafdeling wat op spesiale versoek ingestel is vir kandidate wat verkies om hulle van Nederlands te bedien. Ons hoop dat die getal inskrywings hierdie uitbreiding sal regverdig en dat dit tewens tot skerper mededinging aanleiding sal gee. Ook in die afdeling letterkunde is afstand geen beletsel om mee te ding nie. 'n Bietjie inspanning en 'n weinig belangstelling is al wat verlang word. Ons kan gelukkig konstateer dat hierdie afdeling, met uitsondering van die poësie, nog altyd skerp mededinging uitgelok en werk van goeie gehalte opgelewer het. Dit het by voorbeeld die belangstelling in die kunsopstel laat herleef en tot verdienstelike werk op hierdie gebied gele. Bydraes wat daarvoor geskik geag word, word later teen die gebruikelike vergoeding in *Die Huisgenoot* geplaas, wat vir aspirant-skrywers nog 'n verdere aan-

Dit is haas onnodig om by te voeg dat die organisasie van die Eisteddfod veel geld kos en baie inspanning verg. Die bestuur bestaan uit mense wat almal hul eie werk het en die lede word nie bygestaan deur 'n gesalarieerde personeel nie. Alles is liefdesarbeid. Die enigste vergoeding is die besef dat hulle 'n belangrike kultuurdaad verrig, en die beste wyse vir elkeen om sy dank te betuig, is om geesdriftig mee te werk en die Eisteddfod 'n nog groter sukses te maak as wat dit in die verlede was.

### NUUS OOR DIE DRAADLOOS.

'n HELE paar lesers het hul instemming betuig met ons standpunt insake 'n tweetalige draadloosdiens, soos uiteengesit in ons uitgawe van 21 Februarie. In 'n paar briewe word egter nadruk gelê op 'n saak wat ons nie aange-roer het nie, naamlik die feit dat

### 'N ONBILLIKE VOORSTELLING.

In ons uitgawe van 21 Februarie l.l. het ons 'n verhaal geplaas waarin daar 'n paar sinsnedes voorkom wat ongelukkig die Mynteringburo in 'n verkeerde lig voorstel. Die bewering word naamlik gemaak dat die hooftersoon in die verhaal toegelaat is om met sy werk aan te gaan totdat hy deur tuberkulose en myntering in die tweede graad aangetas is. Dit is haas onnodig om te vermeld dat ons die verhaal bloot in die lig van verbeeldingswerk beskou het en nie as feitlike mededeling nie. Gevolglik het ons nie so noukeurig gelet op ondergeskikte bewerings wat daarin gemaak is nie. Van 'n voorbedagte doel om die betrokke staatsdepartement in 'n verkeerde lig voor te stel, kan daar dus geen sprake wees nie.

Die Mynteringburo deel ons mee dat daar nooit 'n sertifikaat uitgereik word dat enige persoon deur

(Vervolg op bladsy 79.)